VIC & DUP/JOHANNESBURG/LKS

IN DIE ARBEIDSHOF VAN SUID-AFRIKA

GEHOU TE JOHANNESBURG

DATUM: 14 June 2000 SAAKNOMMER: J3607/98

In die saak tussen:

SWART, VERNON Applikant

en

KOMMISSIE VIR VERSOENING, BEMIDDELLING EN ARBITRASIE EN ANDERE Respondente

---

U I T S P R A A K

---

LANDMAN, R:

[1] Die applikant in hierdie saak is mnr Vernon Swart. Dit is 'n aansoek vir die hersiening van 'n toekenning van die tweede respondent, synde 'n kommissaris aangestel deur die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie. Die derde, vierde, vyfde en sesde respondente is voormalige werknemers van die applikant (of aldus het die kommissaris so bevind).

[2] Die kommissaris het 'n toekenning op 29 September 1998 gelewer. Die kommissaris het bevind dat die derde, vierde, vyfde en sesde respondente

werknemers van die applikant was en as gevolg daarvan het hy die meriete van die saak ondersoek en 'n toekenning gelewer. Die applikant is gelas om vergoeding van verskillende bedrae aan die persone te betaal.

[3] Die applikant was ongelukkig met hierdie toestand van sake en het die huidige aansoek geloods om die toekenning te hersien en tersyde te stel.

[4] Die gronde waarop die applikant staatmaak is die volgende: Eerstens kla hy dat die kommissaris geweier het om uitstel aan hom te verleen. Tweedens kla hy dat die kommissaris hom van regsverteenwoordiging en regsadvies ontneem het.

[5] Wat betref die weiering van die uitstel,is dit die applikant se saak dat hy op 22 September 1998 'n kennisgewing gedateer 10 September ontvang het wat hom in kennis stel dat arbitrasie verrigtinge op 28 September sou plaasvind. Hy het hierdie kennisgewing aan sy prokureur, mnr Heunis, van Du Plessis en Eksteen Ingelyf, oorhandig. Hy sê hy wou sekere getuies roep synde sy broer, Leonard Swart, en 'n sekere Albert. Dié persone was ongelukkig nie beskikbaar om die arbitrasie verrigtinge op 28 September by te woon nie. Sy prokureur het op 23 September namens hom 'n skrywe aan die KVBA gestuur en versoek dat die verrigtinge wat op 28 September sou plaasvind, uitgestel word aangesien die getuies nie beskikbaar was nie.

[6] Op 28 September het hy en sy prokureur die arbitrasie verrigtinge bygewoon. Hy het gevra vir die uitstel van die saak en dit gemotiveer. Die derde respondent het toegestem tot die uitstel aangesien hy ook regsverteenwoordiging wou bekom en dit hom die geleentheid daarvoor sou bied. Die kommissaris het toe kontak gemaak met die KVBA se

saakbestuurder, om vas te stel of die gevraagde uitstel verleen kon word, aldus die applikant. Die partye is daarna deur die kommissaris meegedeel dat die bestuurder nie die aangeleentheid wou uitstel nie en dat die arbitrasie verrigtinge moes voortgaan. Die arbitrasie-verrigtinge het inderdaad voortgegaan.

[7] Dit sou klaarblyklik verkeerd wees vir 'n kommissaris om navraag te doen by >n bestuurder van die KVBA of hy by magte is om uitstel te verleen of behoort hy in die omstandighede uitstel te verleen. Dit skyn egter dat wat die kommissaris gedoen het, was om die bestuurder te raadpleeg ten opsigte van sekere feitebewerings. Dit is duidelik uit die stukke dat die kommissaris meegedeel is dat die bestuurder navraag gedoen het en vasgestel het dat die applikant nie die brief op 22 September ontvang het soos wat hy beweer nie. Hy het dit ontvang op 15 September, aldus die Poskantoor. Die skrywe van die bestuurder maak deel uit van die stukke, maar die applikant handel nie daarmee nie. Hy ontken dit nie. Ek is nie in staat om te sê dat die kommissaris fouteer het deur kennis te neem van hierdie feite nie. Ek kan nie sê dat die kommissaris se handelswyse derhalwe onreëlmatig was nie. Ek is ook nie in staat om te bevind dat die kommissaris se besluit nie regverdigbaar was nie, veral in die lig van die feit dat die bestuurder se inligting bots met dié wat die applikant aan die kommissaris verskaf het. Bowendien is dit duidelik uit die vonnis van die Arbeidsappèlhof in Carephone v Marcus N.O. and others (1998) 19 ILJ 1425 (AAH) dat dit die kommissaris is wat besluit of uitstel verleen sal word. Kennis is geneem dat 'n kommissaris miskien traag sal wees om uitstel te verleen.

[8] Dit bring my by die vraagstuk van die weiering van regsbystand. Nadat

die versoek vir uitstel geweier is, het die kommissaris die partye meegedeel dat hy voortgaan met die arbitrasie verrigtinge en die prosedure aan hulle verduidelik. Die derde respondent het ook op hierdie stadium beswaar gemaak dat die applikant oor regsverteenwoordiging beskik het terwyl hy nie oor regsverteenwoordiging beskik het nie. Die kommissaris het die mening uitgespreek dat die feite nie so ingewikkeld was dat die partye regsverteenwoordiging benodig het nie. Die applikant se prokureur het die kommissaris toegespreek en betoog dat die feite wel ingewikkeld was en dat hy toegelaat word om as regsverteenwoordiger sy kliënt by te staan. Die kommissaris het gelas dat die applikant nie van regsverteenwoordiging gebruik kon maak nie. Dit sou onbillik teenoor die derde tot sesde respondente wees. Die applikant het versoek dat die kommissaris toelaat dat sy prokureur die verrigtinge bywoon en luister na die verrigtinge. Die kommissaris het gesê dat die derde tot sesde respondente ongemaklik sou voel en is die prokureur aangesê om die vertrek te verlaat. Die applikant was genoodsaak om die verrigtinge sonder die bystand van sy regsverteenwoordiger en sonder sy getuies voort te sit.

[9] Na my mening is die identifikasie van 'n werkgewer/ werknemer verhouding nie 'n eenvoudige saak nie. Ook nie in die omstandighede wat voor die kommissaris gedien het nie. Regsverteenwoordiging is aangewese in ideale omstandighede. Die uitsluiting van die prokureur maak dit bykans onmoontlik vir die prokureur om sinvolle advies en leiding aan sy leke kliënt te verskaf nie omdat die prokureur nie toegelaat is om die getuienis aan te hoor nie. Die kommissaris is by magte om reëlings te tref ten opsigte van die verrigtinge maar hy is nie by magte om regsadvies uit te sluit nie. Ek is nie bewus van enige reël wat hom verplig om 'n regsverteenwoordiger die vertrek te verbied nie.

[10] Klaarblyklik moet onderskei word tussen 'n persoon se reg op regsadvies en sy reg op regsverteenwoordiging. Die uitskakeling van regsverteenwoordiging maak dit des te meer noodsaakliker dat die gemeenregtelike reg op regsadvies nie >n litigant ontneem moet word nie tensy dit duidelik deur die Wet uitgesluit word. Daar is geen aanduidings dat die Wetgewer dit wou uitsluit nie.

[11] Daarbenewens is die applikant in die algemeen geregtig op regsverteenwoordiging by arbitrasie verrigtinge by die KVBA. Sien artikel 138(4) van die Wet op Arbeids-verhoudinge 66 van 1995. Hierdie reg word egter beperk waar 'n afdanking gaan oor gedrag of bevoegdheid. Sien artikel 140(1) van die Wet. In sodanige omstandighede word regsverteenwoordiging uitgesluit tensy die kommissaris besluit dat die saak van so 'n aard is dat regsverteenwoordiging toegestaan moet word.

[12] Waaroor het hierdie saak gegaan? Die kommissaris bevind dat dit nie vir 'n billike rede was nie. Hy sê egter nie wat die rede vir die afdanking was nie. Die rede wat die applikant aanvoer is dat die werk wat beskikbaar was opgeraak het. Met ander woorde, dat die derde en ander respondente, indien hulle werknemers was (wat hy ontken het) is ten opsigte van werksmagbesnoeiing afgedank of omdat die kontrak verstryk het. Die derde en ander respondente het aangevoer dat die saak gaan oor "unfair dismissal, unfair labour practice and refusal to bargain". (Sien Vorm LRA 7.11). Dit bring na vore die vraagstuk van die kommissaris se jurisdiksie. Dit word egter nie deur die applikant geopper nie en dus sal ek nie verder daarmee handel nie. Maar indien die saak wel gegaan het oor werksmag- besnoeiing sou die kommissaris

geen jurisdiksie gehad het nie. Hierdie was klaarblyklik 'n geval waar die kommissaris regsverteenwoordiging moes toegelaat het, ten minste totdat hy besluit het dat die saak een is wat gaan oor afdanking as gevolg van gedrag of bevoegdheid en totdat hy homself vergewis het of regsverteenwoordiging nogtans toegelaat moes gewees het. In hierdie geval het hy dit nie gedoen nie. Dit is moontlik dat hierdie saak niks te doen gehad het met wangedrag of onbevoegdheid nie.

[13] Onder die omstandighede is ek van oordeel dat die kommissaris fouteer het, dat hy 'n growwe onreëlmatigheid gepleeg het en dat sy toekenning nie regverdigbaar is nie. Daarom word die arbitrasie-verrigtinge in Saak Nr. NW4858 hersien en tersyde gestel. Die aangeleentheid word egter terugverwys na
die eerste respondent om die arbitrasie opnuut aan te hoor maar dit moet voor 'n ander kommissaris plaasvind.

[14] Geen bevel word gemaak ten opsigte van koste nie.

GEDATEER TE JOHANNESBURG OP HIERDIE 21st DAG VAN JUNIE 2000

A A LANDMAN

REGTER VAN DIE ARBEIDSHOF VAN SUID-AFRIKA

13 Junie 2000

e 2000

Adv. R Venter in opdrag van Du Plessis & Eksteen Ing

Geen verteenwoordiging